Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT — Engineering EyobuNjineli Ingenieurswese

# Toelatingsvereistes en Keuringskriteria vir BIng Programme vir 2027

## 1. Beginsels vir voorgraadse inskrywingsbestuur

Die Universiteitsraad stel sekere teikens ten opsigte van die studierigtings en die diversiteitsprofiel van die Universiteit Stellenbosch se studentebevolking, asook ten opsigte van die totale aantal studente. Die Universiteit bestuur dan die inskrywings van voornemende voorgraadse studente om hierdie teikens te bereik en om te verseker dat die totale aantal inskrywings pas binne die beskikbare kapasiteit. Dit beteken dat daar aansoekers kan wees wat aan die toelatingsvereistes vir 'n gegewe program voldoen, maar wat nie toegelaat word nie.

Die volgende vertrekpunte geld by die bestuur van voorgraadse inskrywings:

- Om 'n billike, deursigtige en redelike proses vir toelating tot voor- en nagraadse programme te vestig.
- Om tot die skep van 'n inklusiewe studentegemeenskap by te dra, waar diversiteit as 'n bate beskou word.
- Om akademies uitnemende studente te werf en toe te laat.
- Om voornemende studente toe te laat wat oor die potensiaal beskik om suksesvol af te studeer en om goed toegeruste denkleiers vir die toekoms te wees.
- Om gelyke geleenthede aan voornemende studente in gelyksoortige omstandighede te bied, en regstelling te fasiliteer waar individue of kategorieë persone weens vorige onbillike diskriminasie benadeel was of is.

## 2. Keerdatums en die gebruik van Graad 11 resultate

### 2.1. Aansoek Keerdatums

Aansoeke sluit 31 Julie van die jaar voor die voorgenome aanvang van studie.

### 2.2. Voorwaardelike Aanbod

Indien voornemende studente tydens aansoek in Graad 12 is, word hul finale Graad 11-uitslae gebruik om te besluit of hulle vir 'n voorwaardelike aanbod kwalifiseer. Die voorwaardelike aanbod moet deur die aansoeker aanvaar word, en sal verval indien die aansoeker dit nie betyds aanvaar nie. Sodra die voorwaardelike aanbod aanvaar is, verander die aansoeker se status na 'finale aanbod hangend' ("final offer pending").

'n Finale aanbod kan eers uitgereik word nadat die Graad 12-uitslae bekend gemaak is (in Januarie van die volgende jaar). Aansoekers sal 'n finale aanbod ontvang indien hul finale Graad 12-uitslae aan die minimum toelatingsvereistes vir die BIng-program voldoen, en op voorwaarde dat hul keuringspunt gebaseer op hul finale Graad 12 punte nie meer as

40 punte onder die Graad 11 keuringsdrempel vir die program daal nie. Wanneer aansoekers 'n finale aanbod ontvang sal hul status opdateer word na 'finale aanbod uitgereik' ("final offer issued"). Die aansoeker moet die finale aanbod aanvaar voordat dit verval.

### 2.3. Finale Aanbod

Indien voornemende aansoekers tydens aansoek reeds Graad 12 geslaag het, word hul finale Graad 12 uitslae gebruik om hul toelating te bepaal. 'n Finale aanbod sal aan hulle uitgereik word indien hul Graad 12 punte aan die toelatingsvereistes en keuringskriteria voldoen. Die aansoeker moet die finale aanbod aanvaar voordat dit verval.

## 3. Minimum toelatingsvereistes

**Voornemende aansoekers wat aan hierdie minimum toelatingsvereistes voldoen, sal daarna oorweeg word volgens die keuringsvereistes in Afdelings 4 en 5.**

### 3.1. Onderrigtaal

Die toelatingsvereistes ten opsigte van taal word hieronder gegee, maar aansoekers moet daarop let dat alle voorgraadse modules se lesings in Engels aangebied word, en verder word Afrikaanse lesings ook (in parallelle sessies) in die meeste van die modules van die eerste drie semesters in die BIng- programme aangebied. In die eerste studiejaar word intydse tolking (waar die Engelse lesing na Afrikaans getolk word) aangebied in die lesings waar daar nie parallelle sessies is nie. Alle vraestelle vir hoofassesserings is in beide Afrikaans en Engels beskikbaar tot op derdejaarsvlak en in Engels daarna. Aansoekers mag enige vraestel of opdrag in Afrikaans of Engels beantwoord. Verdere besonderhede oor die onderrigtaal in elke module in die BIng-programme word gegee by www.eng.sun.ac.za.

### 3.2. Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of Onafhanklike Eksamenraad (IEB)

Slegs aansoekers wat aan die volgende vereistes voldoen sal oorweeg word vir keuring:

- Is in besit van 'n NSS of IEB slaag met toelating tot baccalaureusgraadstudie, of 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad; en
- Het 'n gemiddelde prestasie van minstens 70% by die toepaslike skooleindeksamen behaal; en
- Het die Nasionale Senior Sertifikaat- of daarmee gelykstaande eksamen in Wiskunde met minstens 70% en Fisiese Wetenskappe met minstens 60% geslaag; en
- Het in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen, of daarmee gelykstaande, minstens die volgende prestasie in taalvakke behaal:
  - Engels Huistaal: 50% (geen Afrikaans vereiste) of
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 60% (geen Afrikaans vereiste) of
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 50% saam met Afrikaans Huistaal: 50% of
  - Engels Eerste Addisionele Taal: 50% saam met Afrikaans Tweede Addisionele Taal: 60%.

### 3.3. Internasionale Skole

Vir aansoekers van internasionale skole, verwys asseblief na die 2027 Internasionale Kurrikulum-inligting op www.su.ac.za/af/aansoek/voorgraads (gaan na Aansoeke – Internasionale Kurrikulums).

### 3.4. Ander skool-eksamenrade

Aansoekers van die volgende skool-eksamenrade moet die National Benchmark Test (NBT) of SAT's voltooi.

- American High School Diploma (mag die NBT of SAT's skryf)
- IEB: International Secondary Certificate (slegs vereis om die NBT te skryf)
- Aansoekers van 'n aanlyn skoolstelsel (bv. ACE School of Tomorrow) (slegs vereis om die NBT te skryf)

Slegs aansoekers wat aan die volgende vereistes voldoen, sal vir keuring oorweeg word:

- National Benchmark Test (NBT) vereistes:
  - Akademiese Geletterdheid (AL) – 60%
  - Kwantitatiewe Geletterdheid (QL) – 60%
  - Wiskunde (MAT) – 65%
- SAT-vereistes:
  - Algehele punt = 1130
  - Bewysgebaseerde lees en skryf = 610
  - Wiskunde = 670

ACE SCHOOL OF TOMORROW:

Benewens die NBT-vereistes hierbo, moet aansoekers ook 'n ondersteuningsbrief van die ACE Schools Hoofkantoor indien.

AMERICAN HIGH SCHOOL DIPLOMA (AHSD):

Benewens die NBT/SAT-vereistes hierbo, moet aansoekers 'n sertifikaat van matrikulasievrystelling, soos uitgereik deur USAf (Universities South Africa), indien voordat 'n finale aanbod ontvang kan word. Besoek asseblief die USAf-webwerf by mb.usaf.ac.za/united-states-of-america om die vrystellingsvereistes te sien.

## 4. Keuringskriteria

Slegs aansoekers wat voldoen aan die minimum toelatingsvereistes wat hierbo gegee is, word oorweeg vir keuring.

Die skoolresultate en ander tersaaklike inligting, word vir aansoekers naby aan die toelatings- en keuringsdrempels in aanmerking geneem.

Die vernaamste keuringsmeganisme is die keuringstelling. Om kandidate se keuringstelling te bereken, word die persentasies wat hulle in die onderskeie NSS of IEB skoolvakke behaal het, soos volg gebruik:

**Keuringstelling = Wiskunde + Fisiese Wetenskappe + 6 x Gemiddelde**

Die maksimum vir die keuringstelling is dus 800. Die gemiddelde persentasie word normaalweg bereken met die aansoeker se ses beste matriekvakke (uitgesonder Lewensoriëntering, maar normaalweg ingeslote Wiskunde en Fisiese Wetenskappe). Vir vreemde skole met net 5 vakke (bv. Cambridge) word die persentasies van die 5 skoolvakke gebruik om die gemiddeld te bereken. Vir vreemde skole waar Chemie en Fisika as afsonderlike vakke geneem word, word die gemiddeld van die twee in die keuringstelling gebruik in plaas van Fisiese Wetenskappe. Vir die Cambridge stelsel

moet Wiskunde, Chemie en Fisika op A- of AS-vlak aangebied word.

### 4.1. Keuringskriteria vir internasionale skole (insluitend aansoekers met afsonderlike Fisika- en Chemie-vakke)

Vir internasionale skole met slegs 5 vakke (bv. Cambridge) word die omgeskakelde persentasie van die 5 skoolvakke gebruik om die gemiddelde persentasie te bereken. Aansoekers van internasionale skole moet na die Internasionale Kurrikula-boekie verwys vir inligting oor die omskakeling van internasionale punte. Om die keuringspunt te bereken, word die omgeskakelde persentasies wat in die onderskeie internasionale skoolvakke behaal is, gebruik.

Keuringspunt = (A- of AS-vlak of HL Wiskunde) + (A- of AS-vlak of HL Fisiese Wetenskap) + 6 × Gemiddeld

Vir internasionale skole waar Chemie en Fisika as afsonderlike vakke geneem word, word die gemiddelde van hierdie twee in die keuringspunt gebruik in plaas van Fisiese Wetenskap. In hierdie gevalle moet ten minste een van die twee op A- of AS- of HL-vlak wees, terwyl die ander vir sommige programme ook op IGCSE- of OL- of SL-vlak aanvaar kan word, soos hieronder uiteengesit:

Vir Chemiese Ingenieurswese:

Keuringspunt = (A- of AS-vlak of HL Wiskunde) + (gemiddelde van A- of AS-vlak of HL Chemie EN A- of AS-vlak of HL of IGCSE of OL of SL Fisika) + 6 × Gemiddeld

Vir Siviele Ingenieurswese, Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese:

Keuringspunt = (A- of AS-vlak of HL Wiskunde) + (gemiddelde van A- of AS-vlak of HL Fisika EN A- of AS-vlak of HL of IGCSE of OL of SL Chemie) + 6 × Gemiddeld

Vir Bedryfsingenieurswese en Elektriese & Elektroniese Ingenieurswese (Algemeen & Data):

Keuringspunt = (A- of AS-vlak of HL Wiskunde) + (gemiddelde van óf een van A- of AS-vlak of HL Fisika of Chemie EN A- of AS-vlak of HL of IGCSE of OL of SL Fisika of Chemie) + 6 × Gemiddeld

## 5. Keuringsproses vir vierjarige BIng Programme

Die toelatingsdrempels vir elke program word beïnvloed deur die aantal aansoekers daarvoor en die aantal studenteplekke daarin. Die finale keuringsdrempels vir die onderskeie BIng programme word daarom eers na die sluitingsdatum vir aansoeke bepaal en die toelatingsdrempel kan in 'n gegewe jaar dus van program tot program verskil. Die toelatingsdrempels hieronder word jaarliks hersien.

### 5.1. Voor 31 Julie (voor die sluitingsdatum vir aansoeke)

Aansoekers wat die volgende voorlopige keuringsdrempels bevredig, word met ontvangs van 'n volledige aansoek gekeur (voorwaardelik, indien op grond van graad 11 resultate):

| 4-Jarige BIng-Program | Bedryfs | Chemies | Elektries & Elektronies (Data Ing) | Elektries & Elektronies (Algemeen) | Meganies | Megatronies | Siviel |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Minimum Keuringstellings | 620 | 640 | 620 | 620 | 660 | 660 | 600 |
| Minimum Gemiddelde | 70% | | | | | | |
| Minimum Wiskunde | 75% | | | | | | |
| Minimum Wetenskappe | 65% | | | | | | |

Die keuring van die volgende aansoeke word nie gefinaliseer nie en word na 31 Julie verder oorweeg:

- Aansoekers met keuringstellings bo 570, en
- Aansoekers wat keuringstellings bo 540 het en wat aan die vereistes vir toelating tot die verlengde graadprogramme voldoen.

Aansoekers wat nie bogenoemde vereistes bevredig nie, sal in kennis gestel word dat hul aansoeke onsuksesvol was.

Verwys asseblief ook na Afdeling 5.5 wat uiteensit hoe aansoekers oorweeg kan word vir 'n ander BIng-program as wat hulle in die drie voorkeure in hul aansoeke ingesluit het.

### 5.2. Na 31 Julie (na die sluitingsdatum vir aansoeke)

Finalisering van aansoeke en keuringsprosesse na die sluitingsdatum neem normaalweg 6 tot 8 weke.

Nadat die finale keuringsdrempels bepaal is (met inagname van die aantal plekke en aansoekers), sal die aansoekers wie se aansoeke nog onder oorweging (o.a. statusse “reviewed” of “in progress”) en die betrokke finale keuringsdrempels bevredig, ‘n aanbod ontvang (voorwaardelik, indien op grond van graad 11 resultate). Alternatiewelik word hulle op die waglys geplaas.

Aanvaarding van laat aansoeke en verdere oorweging van aansoekers op die waglys word deur die beskikbare plekke in die betrokke program bepaal.

Verwys asseblief ook na Afdeling 5.5 wat uiteensit hoe aansoekers oorweeg kan word vir 'n ander BIng-program as wat hulle in die drie voorkeure in hul aansoeke ingesluit het.

### 5.3. Nadat die matriekresultate bekendgemaak is

Aansoekers wat voorheen ‘n finale aanbod aanvaar het, se status bly onveranderd.

Aansoekers wat ‘n voorwaardelike aanbod aanvaar het (status = “final offer pending”) ontvang ‘n finale aanbod indien hul Graad 12 uitslae aan die toelatingsvereistes vir die BIng-program voldoen en mits hul Graad 12 keuringstelling nie meer as 40 punte onder die Graad 11 keuringstelling gedrempel vir die program gedaal het nie. Aansoekers op die waglys, of diegene wat heroorweging versoek, word daarna oorweeg vir die plekke wat in elk van die programme beskikbaar is.

Wanneer aansoekers ‘n finale aanbod ontvang sal hul status opdateer word na ‘finale aanbod uitgereik’ (“final offer issued”). Die aansoeker moet die finale aanbod aanvaar voordat dit verval.

### 5.4. Aansoekers van ander universiteite of ander tersiêre onderwys instellings

Aansoekers wat tans/voorheen ingeskryf is/was by ʼn ander universiteit of ander tersiêre onderwys instelling en wil oorskakel na ʼn BIng-program by die Fakulteit Ingenieurswese moet hul finale skool-uitslae <u>en</u> volledige akademiese rekord van ander tersiêre instelling

oplaai op die aansoekportaal. Hierdie aansoekers sal tot September/Oktober op die waglys geplaas word, en hul keuring sal afhang van hul akademiese prestasie in matriek en by die ander tersiêre onderwysinstelling.

Aansoekers wat tans ingeskryf is by 'n ander universiteit of ander tersiêre onderwys instelling sal op waglys bly totdat hulle finale uitslae van die huidige akademiese jaar van die ander tersiêre instelling beskikbaar is en opgelaai is op die aansoekportaal.

Gaan asb ook na deel 2.4.2 Aansoekers met vorige tersiêre leer van die [Ingenieurswese Jaarboek 2026]() vir meer inligting oor toelatingsvereistes.

### 5.5. Verandering van die Voorkeur BIng-Program in die Aansoek

Aansoekers wat vir 'n BIng-program aansoek gedoen het, mag versoek dat een van die drie voorkeure op hul aansoeke na 'n ander BIng-program verander word. Sulke versoeke moet gerig word aan info@sun.ac.za, met hul aansoeknommer (APP/…) en watter van die drie voorkeure verander moet word. Hierdie aansoeke sal dan heroorweeg word vir toelating en keuring vir die nuutgekose BIng voorkeur volgens die normale keuringsproses wat hierbo gegee word.

## 6. Verlengde kurrikulum programme

Die Verlengde Kurrikulum Programme (VKPs) is ingestel om studente met opvoedkundig benadeelde agtergronde te help om die BIng-programme te bemeester. Opvoedkundig benadeelde agtergronde sluit dimensies van sosio-ekonomiese omstandighede en opvoedkundige omstandighede in. Die VKPs bied 'n alternatiewe toegang tot die programme in die Fakulteit Ingenieurswese. BIng VKPs vereis een bykomende jaar van studie, wat die inhoud van die vierjarige BIng-programme voorafgaan. Studente wat hierdie ekstra jaar suksesvol voltooi en aan addisionele voorwaardes voldoen, word toegelaat om met die kurrikulum van die vierjarige BIng-programme voort te gaan.

### 6.1. Aansoekproses

Aansoekers doen nie aansoek vir die VKPs nie, maar doen aansoek vir die 4-jarige BIng-programme. 'n Beperkte aantal aansoekers wat nie vir 'n 4-jarige BIng-program gekeur word nie, maar wel aan die toelatingsvereistes en keuringskriteria vir die Verlengde Graadprogramme voldoen, sal oorweeg word vir toelating tot die VKPs. Voorkeur word verleen aan studente uit benadeelde omgewings.

### 6.2. Minimum Toelatingsvereistes vir Verlengde Kurrikulumprogramme

Slegs Suid-Afrikaanse aansoekers wat in matriek is in die jaar wat hulle aansoek doen en aan die volgende vereistes voldoen, sal oorweeg word vir toelating:

- 'n NSS of IEB slaag met toelating tot baccalaureusgraadstudie, of 'n vrystellingsertifikaat van die Matrikulasieraad
- 'n Gemiddelde van minstens 60% in die NSS
- 'n NSS Wiskunde punt van minstens 60%
- 'n NSS Fisiese Wetenskappe punt van minstens 50%
- NSS taalpunte wat een van die volgende bevredig:
  - Engels Huistaal 50% (geen Afrikaans vereiste) of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 60% (geen Afrikaans vereiste) of
  - Engels Eerste Addisionele Taal 50% en Afrikaans Huistaal 50% of

– Engels Eerste Addisionele Taal 50% en Afrikaans Tweede Addisionele Taal 60%

### 6.3. Keuringskriteria

Aansoekers wat bostaande minimum toelatingsvereistes bevredig, word vir die VKPs gekeur volgens die dieselfde keuringskriteria as wat op die 4-jarige programme van toepassing is, maar met aangepaste drempels. Die drempels word eers bepaal na die sluitingsdatum vir aansoeke, maar die volgende drempels is **aanduidend**:

| | |
|---|---|
| Minimum Keuringstelling: | 560 |
| Minimum Gemiddeld: | 60 % |
| Minimum Wiskunde: | 65 % |
| Minimum Fisiese Wetenskappe: | 55 % |
| Sosio-Ekonomiese Telling: | 3 of meer |

Nadat die Matriek-uitslae bekend gemaak is, sal aansoekers wat die voorwaardelike aanbod aanvaar het (status: "final offer pending") en wie se Matriek-uitslae aan die toelatingsvereistes vir die BIng-VKP-programme voldoen, 'n finale aanbod ontvang, mits hul Graad 12-keuringspunt nie meer as 40 punte onder die Graad 11-keuringspunt vir die program gedaal het nie.

Aansoekers wat 'n voorwaardelike aanbod ontvang (op grond van Graad 11-punte) vir 'n VKP en daarna beter vaar in die Graad 12-eksamen, kan met finale keuring heroorweeg word vir 'n finale aanbod tot die 4-jarige hoofstroomprogramme.